



Des 2020, Jan & Feb 2021

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

Liewe lidmaat,

Kersfees is op hande!

Kan jy dit glo? Ten spyte van die pandemie en álles wat ons die jaar moes trotseer, het hierdie jaar ook gevlieg! Is jy gereed vir die besige feesseisoen wat voorlê? Die vakansietyd is gewoonlik gepak met inkopies, musiek, versierings en elle lange 'te doen'-lysies. Ons moet dink aan bymekaarkomgeleenthede, geskenke en spyskaarte. Daar is kaartjies wat gepos moet word, foto's wat geneem moet word en familie en vriende wat besoek moet word. Te midde van hierdie besige dae kan ons maklik vergeet waaroor Kersfees werklik gaan: Ons vier Jesus! Ons vier Sý koms. Kersfees is 'n baie spesiale tyd van die jaar. Dit herinner ons aan God se onvoorwaardelike en nimmereindigende liefde vir óns. Ons sien hierdie liefde veral in drie baie spesiale opsigte:

- Jesus is die Verlosser wat ons van ons dood, sonde en gebrokenheid bevry [Matt 1:21].
- Jesus is die Christus, die Messias wat die wet en profesieë vervul het, en daarmee wys dat God getrou is [Matt 5:17].
- Jesus is die Here wat ons wêreld betree het in 'n onverdeelbare ewige band van God en mens; Immanuel, God mét ons.

JAARTEMA: Saam delf ons in die WOORD

Ons is nooit alleen nie [Matt 1:23].

Soos ons hierdie feesseisoen, die gesellighede, geskenke, die tyd saam familie en vriende geniet, kom ons maak Kersfees 'n viering van Jesus se koms en Sy liefde vir ons. Mag jy in hierdie feesseisoen ware hoop ontdek, volmaakte vrede ervaar en die Here se ewigdurende liefde beleef.

Seën vir jou en al jou geliefdes,

Di Leon Tait en Petro Jonker



Die Wit Olifant Tafel 2020, 'n wen-wen-ervaring!



Die 'Wit Olifant Herders' se ervaring in 2020 was dat dit almal op **5 maniere** geseën het :

1. Betrokkenheid en Vriendskap-bou: Sedert die begin van die inperking 2020, toe ons besef het ons gemeente kan nie soos gewoonlik in September 'n Mini-krieket Karnaval hou nie en dus nie 'n 'Wit Olifant-Tent' op daardie dag opslaan nie, het dit ons gedwing om nuut te dink! Ons het by die bazaar 'n klein uitstalling gehou, en het ook toestemming gevra om gedurende die hele Septembermaand 'n Wit Olifant uitstalling en verkope in die kerksaal te hou. Ons het gou 'n hele klomp manne en vroue uit die gemeente gekry, en gesellige spanwerk onder die vrywilligers ervaar! – sommige spanlede het entoesiasies gevoel oor mooi klere en lappe, ander oor mooi glasware, tweede-en derdehandse boeke, kombuisware of sommer enige ander 'Wit Olifante'! **Gedurende Maart en Augustus het almal gehelp om items skoon te maak, te sorteer, rangskik, en uit te stal. Ons het nuwe vriendskappe gesmee en weer ou vriendskappe hegter gemaak! Al die werk het met grappies en lekker lag gebeur.**



'n Mooi Uitstalling!



Opgewonde Kopers!



'n Ou blompotjie omskep in 'n 'Psigedeliese' Vetplanthouer

2. Finansiële Bydrae: Met die begin van die inperking het 'n atmosfeer van swaarmoedigheid oor ons gemeente toegesak! As die gemeentelêde nie kerk toe mog kom, of by die gewone aksies betrokke kon wees nie, hoe sou ons al ons finansiële verpligtinge kon nakom sonder items soos bydraes, kollekte, tiendes?! In die verlede het die Wit Olifant tent gewoonlik elke jaar tussen

R10000 en R13000 tot die gemeente se finansies bygedra.... **in Maart se Wit Olifant geleentheid tydens die mini bazaar is R6000 ingebring en in September in die saal, nog R14000! Dus R20000 reeds in 2020.**

3. Seën die kopers: Die Wit Olifant geleentheid het RFS Gemeentelêde aangemoedig om hul huise en kaste reg te pak, ontslae te raak van onnodige goed en te help 'recycle' – Dit was 'n geleentheid om 'n bydrae te maak om iemand anders te help met 'jou' oorbodige goed! Kopers was bly oor tweedehandse en selfs beskadigde goed wat hulle kon herstel / 'recycle'; **Die spanlede het dus gehelp om mense te seën deur items baie billik te merk. R2 of R5 het baie nuttige items vir 'n huishouding kon koop!**

4. Werkskepping: 'n Hele paar klein besigheidjies het items soos klere of huisware kom koop om te verstel, herstel, mooi te maak en te herverkoop.

5. Pret: Die gesnuffel tussen ou goed was 'n pret-ervaring vir baie mense! Om nuttige oudhede wat jy dalk laas in jou Ouma se kombuis of sitkamer gesien het, weer raak te loop het 'n glimlag by baie gebring! – **Bokomo blikkies, Jim Reeves Plate, Lous L'Amour stories, Art Deco blompotjies, klassieke boeke, alles teen absoluut weggee pryse!**

RFS Gemeentelêde: Kom deel volgende jaar in die pret. **Dis ook nog nie te laat vir 'Spring Cleaning' nie! Maak huis skoon en skenk artikels, of kom help by die Wit Olifante verkoop!**



Bring God se Lig in jou wêreld



- deur Erin Georgiou

Oral waar ek deesdae kom, loop ek mense raak wat ongelukkig of bekommerd is oor iets. Baie van julle is vreesagtig en kan net nie hulle probleme afskud nie. Dit is asof hulle van die een krisis na die ander gaan. Ek praat nie net van ongelowiges nie, maar ook van Christene. In die geval van Christene, bekommer dit my en wonder ek of dit is omdat ons God se vertroostende Woord nie ken nie, of doen ons bloot net nie wat die Bybel sê nie?

Ons behoort op die ewigheid te fokus en uit te sien na ons hemelse beloning; na die voorreg om die ewigheid saam met Jesus deur te bring. Die enigste manier om egter hierdie hemelse belonings op te bou (waarmee God ons wil seën), is om goed te doen aan ander, vergewensgesind te wees en ander lief te hê. Deur dit te doen, sal ons in ons verhouding met Jesus groei.

Daar is net een ding waaroor ons bekommerd of besorgd moet wees en dit is dat ons nie moet toelaat dat mense sterf sonder dat hulle Jesus ken nie. Ons moet van ons probleme vergeet en ons liever bekommer oor die wat nie gered is en wat nog nooit die Evangelie gehoor het nie. Ons is dalk die enigste mense wat hulle ooit van Jesus sal vertel.

Die Bybel het ons beveel om na al die nasies in die wêreld te gaan en die Evangelie aan al die mense te verkondig, hulle te doop en te leer om God se Woord te gehoorsaam. Ek sien dit nie om my gebeur nie. Ek dink die tyd is ryp om terug te keer na die basiese beginsels van verlossing, om vervul te word met die Heilige Gees se krag en gehoorsaam te wees aan God se Woord. Dit is onmoontlik om die die Heilige Gees vervul te wees en te kyk hoe iemand gewete behoort uit te roep - help hulle! Laat die Heilige Gees jou lei.

Georgiou E, Mei 2019, Juiq! Tydskrif, uitgawe Mei 2019, bl 4.



DIE BYBEL: 2020-VERTALING: 'N DIREKTE VERTALING

OP 29 NOVEMBER 2020 word die 2020 Afrikaanse Bybel: 'n Direkte Vertaling bekendgestel.

Aan die Bybelgenootskap van Suid Afrika is die volgende opdrag gegee: "Skep 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategetiese, Bybelsstudie en persoonlike gebruik."

Hierdie opdrag is verder omskryf as 'n vertaling wat 'n **getroue weergawe van die betekenis van die bronteks moet wees, terwyl beelde, metafore, styl en struktuur van die bronteks so ver moontlik behou moet word**. Die vertaling moet van hoë letterkundige gehalte en goed verstaanbaar wees.

Die Bybelgenootskap het sover moontlik al die Afrikaanse Christengemeenskappe betrek. Die Kerklike Advieskomitee vir die Bybel in Afrikaans word saamgestel uit die volgende instansies: Afrikaanssprekende kerke in Namibië (Waarnemers); Afrikaanse Protestantse Kerk (APK); Anglikaanse Kerk (ACSA); Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (AGS); Bybelgenootskap van Namibië (BGN, Waarnemers); Calvin Protestantse Kerk (CPK); Christelike Gereformeerde Kerk [CGK(SA) nie medewerkers aan die vertaling nie]; die Baptiste-Unie (BUSA) en Afrikaanse Baptiste-Kerk (ABK); die Rynse Kerk (RKSA); Evangelies-Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (EGKSA); Evangelies-Lutherse Kerk in Suidelike Afrika (ELKSA); Free Evangelical Lutheran Synod in Southern Africa 18 0725670559 Bible dif-

ferences2gmail.com (FELSiSA VELSiSA); Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA); Katolieke Kerk (KK); Lede in Christus Kerk (LCK); Metodiste Kerk (MCSA); Morawiese Kerk in Suid-Afrika (MKSA); Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK); Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA); Pinkster Protestantse Kerk (PPK); Sewendedag-Adventiste Kerk (SDA); United Congregational Church of Southern Africa (UCCSA); Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA); Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA/URCSA); Volkskerk van Afrika (VKA); Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike Afrika (VEK); Vrye Gereformeerde Kerk (VGKSA). (Combrink 2019)

Hieruit is dit duidelik dat daar gepoog is om met hierdie vertalingsprojek van die begin af, niemand uit te skakel nie. Afgesien van die voorlopige vertaling van die Nuwe Testament en Psalms wat in 2014 gepubliseer is, is die tekste op die internet beskikbaar gestel sodat enige veranderinge wat voorgestel kon word, aan die vertaalspan voorgelê kon word voordat die finale Bybel gedruk sou word. *(Bostaande geneem uit Herman Grobler (BA BD) se nuwe boek. Kontakinfo bibledifferences@gmail.com)*

NB: Die Bybel: 'n Direkte Vertaling (BDV) is anders as vorige Afrikaanse Vertalings in dié sin dat dit ten volle bronteks-georiënteer is, en alhoewel vorige vertalings ook redelik na aan die brontekste was, is die BDV werklik die enigste een wat 'n **direkte vertaling van die brontekste** is. Let daarop dat dit **nie** 'n letterlike vertaling (of woord-vir-woord vertaling soos die 1933/53 vertaling) is nie, maar dat die brontekste aangebied word in goeie en stylvolle Afrikaans.

BOOMSLOPINGS & SNOEI
GRATIS KWOTASIE
VERSEKERING
KONTAK ERNST by 083 656 4992
www.treecarepta.co.za

FAMILIE-BEDIENING - Kinders



5 Wenke om CHRISTELIKE KINDERS groot te maak in 'n SEKULÊRE WÊRELD

- deur Natasha Crain

1. Ouers moet hulle begrip van Christenskap voortdurend verdiep

In 'n sekulêre wêreld sal kinders gereeld oor hulle geloof uitgedaag word - veral vanuit ateïste se geledere. Ateïste is dikwels goed voorbereid met hulle argumente teen God en veral Christenskap. Ongelukkig is baie Christen-ouers nie so goed voorbereid om hulle kinders oor die waarheid van die Christendom te leer en hoe om hulle oortuigings te verdedig nie.

MOEILIKE VRAE

Vir die kinders van vandag is dit van kritieke belang om vrae soos die volgende te verstaan, soos: *Watter bewyse is daar dat God bestaan? Waarom sou 'n goeie God boosheid en lyding toelaat? Hoe kan 'n liefdevolle God mense hel toe stuur? Wat is die historiese feite oor die opstanding waaroor byna elke geleerde saamstem? Hoe weet ons die Bybel sê wat die outeurs oorspronklik geskryf het? Ondersteun die Bybel slawerny en verkragting (soos skeptici beweer)?*

Ons moet uitvind wat die groot uitdagings is, onself toerus om dit te hanteer en ons daartoe verbind om voortdurend ons begrip van ons geloof te verdiep, sodat ons goeie leiding aan ons kinders kan gee.

2. Skep doelbewus 'geestelike ruimte' in die huis

Jy moet daardie begrip en kennis oor Christenskap ook aan jou kinders oordra. Dit sal vereis dat tyd doelbewus daarvoor in geruim moet word. Die soort geloofsgesprekke wat ons vandag met ons kinders moet voer, gaan beslis nie sommer net vanself gebeur nie. Jy moet 'geestelike ruimte' daarvoor skep.

Dit is toegewyde tyd vir julle gesin om saam te groei in julle begrip van God en verhouding met hom. Sulke tyd behoort geskeduleer te word net soos die tyd vir al die ander (minder belangrike) aktiwiteite in julle lewe. As julle dit nog nie doen nie, begin met 'n halfuur per week. Dit is haalbaar vir enige gesin en 'n mens kan dit later stelselmatig begin verleng.

3. Bestudeer die Bybel saam met jou kinders

Selfs al weet jy dat Bybelstudie belangrik is, toon statistiek dat jy dit waarskynlik nie doen nie: Minder as 1 uit 10 Christengesinne bestudeer weekliks die Bybel saam. As jou kinders sien dat jy die Bybel self nie as baie relevant beskou nie, sal hulle min rede hê om dit as die gesaghebbende Boek te beskou wat Christene beweer dit is.

4. Wees proaktief en hoor gereeld of daar vrae oor geloof is

In 'n sekulêre wêreld waar kinders voortdurend met mededingende wêreldbeskouings te kampe het, sal daar vrae by hulle opduik. Daar is baie redes waarom kinders nooit antwoorde vir die vrae soek nie - daar is te veel ander dinge aan die gang; hulle is bang vir jou reaksie; of hulle stel doodeenvoudig nie genoeg belang om te vra nie. In ons huis het ons 'n "vra-jou-vraag-aand" ingestel om hiermee te help.

5. Berei hulle voor vir die moeilike vrae

As jy jou kinders gereeld aanmoedig om vrae oor geloof te vra, sal julle talle goeie gesprekke hê. Die vrae wat belangrik is ter voorbereiding vir die sekulêre wêreld, is egter nie die tipe vrae wat by jou kinders sal opkom nie. Die meeste kinders dink byvoorbeeld nie daaraan om te vra hoe ons weet dat die Bybel werklik sê wat die outeurs oorspronklik geskryf het nie. Dit beteken egter nie dat jou kinders nie skeptici gaan teëkom wat hulle sal vertel dat die Bybel totaal onbetroubaar is nie.

Leer hulle die waarheid

Net soos ons nie wag dat ons kinder ons vrae oor die Tweede Wêreldoorlog vra voordat ons hulle daarvan vertel nie, moet ons nie wag totdat ons kinders se geloof uitgedaag word, voordat ons met hulle daaroor praat nie. Daarom is dit so belangrik dat hulle die waarheid eerste by ons hoor voordat hulle die leuen teëkom.

Crain N, Mei 2019, Juig Tydskrif, uitgawe van Mei 2019, bl 28

W.J. Spies B.Com.Rek.(Hons.) U.P. CFA

REKENINGKUNDIGE BEAMPTTE - ACCOUNTING OFFICER
INKOMSTEBELASTINGADVISEUR - INCOME TAX ADVISER

(012) 331-2122


20ste Laan 587 20th Avenue
Rietfontein
Pretoria 0084

Sel: 076 565 9413

epos: spieboek@lantic.net

Indien van alle belasting opgawes

36 Jaar ondervinding



*Those who wait on the LORD
Shall renew their strength;
They shall mount up with wings like eagles,
They shall run and not be weary,
They shall walk and not faint.*
Isaiah 40:31 NKJV

NG Kerk Rietfontein-Suid

Finansiële Verslag vir 1 Januarie 2020 tot 30 September 2020

Inkomste vir die tydperk	1 542 019
Uitgawe vir die tydperk	<u>1 450 555</u>
Netto Fondse	49 687

Ons is dankbaar om te kan sê dat die Gemeente al sy verpligtinge kan nakom.

Die inkomste van die padkafee en Wit Olifant stalletjie is R62 548.

Baie dankie aan almal se harde werk het en ook vir die ondersteuning van almal betrokke. Dit het 'n groot verskil gemaak.

Happy Go Lucky Bouncing Fun

!!Kindervermaak!!

Springkastele, glybane en vele meer te huur vir kinder-partytjies, einge tipe funksie, ens

Kontak Jaco Malan @ 064 461 7903



Happy Go Lucky Bouncing Fun

WEGNEEMETES (Vanaf 6 Januarie beskikbaar vanaf 13:00)

Huis Janri verskaf heerlike boerekos middagetes/aandetes vir wegneem

Sondae 2 gang R60

Maandae tot Donderdae R45

Kontak Marie by 082 6204 545(whatsapp) 082 698 3290(sel)

Huis Janri Tehuis vir Bejaardes Ben Swartstraat 593 Gezina

Gelde word aangewend vir opgradering



RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.

Kontak nommer is 0721113100